**AFRIKAANS HUISTAAL**
**GRAAD 8**

**Voorbereide toespraak**
**Saamgestel : S. Malan**

**Datum:** Januarie 2024

**Totaal:** 20




**VOORBEREIDE TOESPRAAK EN REDENAARS**

**Elke Graad 8-leerlingmoet in Januarie 'n voorbereide toespraak lewer in die Afrikaanse klas. Die doel van die mondeling is:**

- **Dit dien eerstens as 'n voorbereiding vir alle mondelinge toesprake wat gedurende 'n leerling se hoërskoolloopbaan gaan plaasvind.**
- **Dit gee leerlinge 'n geleentheid om aan die interne redenaarskompetisie deel te neem.**
- **Om te kan kommunikeer voor mense is 'n lewensvaardigheid wat werklik waardevol is vir die res van 'n leerling se lewe,**

**Instruksies:**

Jy moet `'n toespraak lewer oor een van die volgende TEMAS:

- Kantlyn
- Meulsteen
- Boekmerk

## Waar begin jy ?

Uit jou tema moet jy jou EIE onderwerp formuleer
Die tema is NIE die onderwerp nie.
Die tema is net 'n riglyn vir jou onderwerp.
Formuleer jou onderwerp EN dan skryf jy 'n beredenerende toespraak

Gaan kyk heel eerste na die betekenis van die temas :

**KANTLYN**

- Lyn van bo na onder op 'n bladsy getrek.
- Buitelyn van 'n baan of speelveld

**MEULSTEEN**

- Twee stene in 'n meule waartussen graan gemaal word.
- Meulsteen om iemand se nek – oorlas vir iemand ( figuurlik)

**BOEKMERK**

- Strokie van leer/karton/papier wat tussen die bladsye van 'n boek geplaas word om aan te dui hoe ver jy gelees het.
- Bladwyser.

  - **Doen navorsing oor die woord en kyk dan of jy 'n idee kry vir 'n onderwerp uit die woord wat die tema is.**
  - **Dit moet 'n toespraak wees waaroor jy redeneer – nie inligting wat jy oordra nie.**
  - **Die hoofdoel van die toespraak is om te OORREED! Jy probeer die gehoor se denke/ benadering/houding teenoor iets te verander**

**BEGIN NOU OM 'N ARGUMENT TE FORMULEER …**

- Die argument moet 'n kort en kragtige sin wees wat in 3 punte verdedig word.
- Moenie die woord alleen as jou onderwerp of argument gebruik nie.
- Dink aan iets wat uit jou leefwêreld is en op jou vlak!

**JOU TOESPRAAK MOET UIT DIE VOLGENDE BESTAAN** :

- 'n Treffende inleiding.
- Die stelling wat jy beredeneer.
- Die inhoud wat bestaan uit **DRIE** argumente en **BEWYSE** ( statistiek/voorbeelde/aanhalings)
- Dit is dus belangrik om 'n **BRON** te gebruik by elke argument.
- 'n Treffende slot.

**Baie belangrik:** Onthou om genoegsame bronne in jou toespraak te gebruik.

- Jou toespraak moet ongeveer **2 tot 3 minute** lank wees vir die klas toespraak.
- Toesprake moet gereed wees vir lewering in die klas op **23 Januarie 2024**

- Indien jy aan die **interne redenaarskompetisie** wil deelneem, moet jou toespraak **5 tot 7 minute** lank wees.
- Die voorlopige datum vir die interne redenaars is **7 Februarie 2024**

**WENKE VIR DIE AANBIED VAN JOU TOESPRAAK**

- Ken die INHOUD van jou toespraak
- Gebruik gepaste gesigsuitdrukkings , inspireer jou gehoor.
- Maak oogkontak – moet dus nie jou toespraak aflees nie !
- Praat stadiger as normaalweg en wissel jou stemtoonhoogte.
- Wees rustig en vol selfvertroue.
- Plaas jou toespraak op kartonkaartjies ( NIE PAPIER NIE !)

# EKSTRA INLIGTING WAT JOU BAIE KAN HELP MET JOU VOORBEREIDING …

## INLEIDING

- Die eerste 30 sekondes van jou toespraak is die heel belangrikste !
- Begin met 'n verrassende stelling, aanhaling of storie –
- Moenie 'n langdradige, vervelige storie vertel nie !
- Leer jou inleiding sodat jy nie op jou kaartjies hoef te kyk nie , dit gee jou ekstra selfvertroue en maak dat almal na jou wil luister.
- Die inleiding is BAIE BELANGRIK want dit bepaal of die gehoor gaan luister of nie .
- Moenie begin met die onderwerp of dames en here nie !
- Moenie sê : "Vandag praat ek oor …"

**'N TREFFENDE BEGIN KAN DEUR EEN VAN DIE VOLGENDE MANIERE GEDOEN WORD**

- Begin met 'n vraag
- Maak 'n interessante stelling
- Noem 'n vreemde of omstrede feit
- Gebruik 'n kort treffende aanhaling
- 'n Kort en interessante storie wat by jou onderwerp pas ! 'n Grappie of humoristiese vertelling (bv. Alles in ons land gaan op , maar die krag gaan darem af…)
- Skokkende statistiek
- Gesegde of 'n spreekwoord
- Raak uitspraak van 'n bekende persoon( bv." Kreatiwiteit is baie belangriker as kennis." Ek stem saam met die Duitse wetenskaplike , Albert Einstein dat…)

**STANDPUNT**

Die standpunt moet deur jou argumente bewys en ondersteun word.
Dit is dus belangrik dat jy na jou inleiding jou standpunt baie duidelik en sterk stel.

**VOORBEELDE** :

*Erkenning : Sê jou sê : Andries & Minette Smit*

| | |
|---|---|
| *TEMA* | *TYD* |
| *ONDERWERP* | *Die rotte-resies, is besig om sy tol te eis.* |
| *INLEIDING* | *Minute,ure,dae… Alles is net ‘n gejaag na wind !* |
| *STANDPUNT* | *Die mens is besig om homself uit te brand want…* |
| *AANKONDIGING VAN ONDERWERP* | *Ons kan nie meer daarteen stry nie ! Die rotte-resies is besig om die individue rondom ons te vernietig.* |

| | |
|---|---|
| TEMA | DISSIPLINE |
| ONDERWERP | Kinders beleef dissipline as ‘n boksgeveg en nie ‘n leerskool nie |
| ARGUMENT 1 | Ouers gebruik bokshandskoene om kinders te dissiplineer |
| ARGUMENT 2 | Ouers deel links en regs houe met die mond uit |
| ARGUMENT 3 | Prestasiedruk slaan kinders stukkend |

**ARGUMENTE : DIT IS DIE BELANGRIKE LIGGAAM VAN JOU TOESPRAAK**

Gee 2 of 3 argumente . Gebruik **PREP** by elke argument !

**P** = **Point** - Gee jou argument , inleidende stelling

**R = Reason** - Gee die rede en uitbreiding waarom jy dit sê

**E = Example** - Gee ‘n voorbeeld/aanhaling/bronne/interessante storie om jou standpunt te versterk .
Statistiek moet kort en kragtig wees anders is dit vervelig !

**P = Point** - Kom tot ‘n gevolgtrekking / eie mening

Versterk jou argument met humor en jou eie mening om dit meer oortuigend te maak.

**SLOT**

- Die slot moet WOW wees!
- Spreek jou gehoor weer aan voor jy jou slot begin:
  Bv. Ten slotte dames en here …of Om af te sluit …
- Die slot moet jou standpunt en argumente saamvat en versterk
- Verwys terug na iets wat in jou inleiding was.
- Gebruik ‘n toepaslike aanhaling.
- Gee ‘n visie vir die toekoms.
- Oplossing vir die probleem.( Volwassenes en die wêreld daar buite moet besef dat die tienersstadium van verbygaande aard is en dat die stryd alleenlik gewen sal word as…)
- Stel die gehoor voor ‘n keuse.( Besluit self. Aanvaar ons tieners met ons maskers en grille en geite of verloor ons vir altyd …)
- Rig ‘n uitdaging aan die gehoor.( Ek daag u uit! Bekyk die wêreld vir ‘n slag deur ons tieners se oë)

**BRONNE**

**Bronne is BAIE belangrik. Daar is ‘n spesifieke manier hoe jy dit doen.**

**Daar moet na 'n bron verwys word in elke argument.**
**Dit ondersteun jou argument**

- Op die webwerf www.media24.co.za skryf die sielkundige, dr Bennie Reynders dat …
- In sy boek, Die tiener en kommunikasie, skryf die neuroloog, Professor Piet van der Merwe, dat …
- Op VIA se program DINK ANDERS, 14 April 2021 , beweer die bekende sportman Ryno Visser, dat …
- Volgens 'n berig "Sosiale Media 'n euwel" Beeld 18 Mei 2022, voel die predikant, Ds. Arno Pieterse dat kinders te veel gebruik maak van sosiale media om te kommunikeer. Hy grond sy stelling op die feit dat …
- Ek stem saam met Dr Roux van Niekerk, sosioloog , wat in Huisgenoot 24 Junie 2023 sê dat …

AANHALINGS is nie 'n bron nie! Dit kan wel jou standpunt ondersteun . Onthou om te sê wie die persoon is wat jy aanhaal.

